


# 24-7 GEBED VIR HERLEWING
## 27 April – 3 Mei 2026

God rig stemme in die kollig op om Sy Naam voor die nasies te verkondig. Tog bring invloed druk, teenstand en geestelike uitdagings. Laat ons in die bres tree vir hierdie sewe 'stemme', en in gebed veg vir hulle geloof, integriteit en vrymoedige getuienis, terwyl ons die Here vertrou om hulle lewens te gebruik om baie tot redding deur Jesus Christus te bring.

---

**MAANDAG 27 APRIL 2026**
**TIM TEBOW**

**Feit**
Tim Tebow is 'n voormalige professionele atleet wat sy grootste impak in universiteitsvoetbal gemaak het en getroud is met Demi-Leigh Nel-Peters, die Mej. Heelal van 2017. Hy is bekend daarvoor dat hy sy geloof in Jesus Christus vrymoedig verkondig.
Hy bly standvastig in die vrymoedige verkondiging van die Evangelie, ten spyte van openbare kritiek en media-aandag, terwyl hy sy identiteit in Christus hou en nie in goedkeuring of sukses nie.

**Geloof**
*Ek skaam my nie oor die evangelie nie…* (Romeine 1:16).

**Fokus**
- Vra die Here om voetbalspelers in jou land se identiteit in Christus te vestig, hulle harte te bewaar teen die soeke na goedkeuring en hulle te versterk om vrymoedig in die Evangelie te bly (Galasiërs 1:10; Romeine 1:16).
- Vra die Heilige Gees om hulle met volharding en nederigheid te vul, sodat hulle lewens Christus weerspieël en baie tot redding lei (2 Timoteus 4:2).

---

**DINSDAG 28 APRIL 2026**
**JACKIE JOYNER-KERSEE**

**Feit**

Jackie Joyner-Kersee word beskou as een van die grootste vroulike Olimpiese atlete ooit, met verskeie medaljes in die sewekamp en verspring. Sy erken openlik haar Christelike geloof as die fondament van haar lewe en gebruik haar platform om ander te inspireer.

Sy handhaaf 'n sterk en aktiewe Christelike getuienis buite haar atletiese nalatenskap, terwyl sy openbare verwagtinge, filantropiese leierskap en die versoeking om op vorige prestasies te vertrou eerder as voortdurende afhanklikheid van God in hierdie seisoen, bestuur.

**Geloof**

*Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.* (Filippense 4:13).

**Fokus**

- Vra die Here om Christen Olimpiese medaljewenners in jou land tot afhanklikheid van Hom te trek, hulle wandel te versterk bo vorige prestasies en hulle in 'n dieper intimiteit en doel te lei (Johannes 15:5; Filippense 3:13–14).
- Vra die Heilige Gees om hulle lewens te gebruik om geloof en volharding in ander aan te wakker (Hebreërs 12:1–2).

---

**WOENSDAG 29 APRIL 2026**
**KATHIE LEE GIFFORD**

**Feit**

Kathie Lee Gifford is 'n televisiepersoonlikheid wat in musiek en vermaak begin het, ervaring opgedoen het in kleiner TV-rolle en bekend geword het deur 'n groot geselsprogram in die dag. Sy het ongeveer 2,5–2,7 miljoen volgelinge oor gesamentlike mediaplatforms. Sy praat gereeld oor haar verhouding met Jesus Christus en deel haar geloof openlik.

Sy handhaaf 'n Christus-gesentreerde boodskap in hoofstroom media-omgewings wat dikwels Bybelse waarheid weerstaan, terwyl sy verseker dat haar stories en openbare invloed konsekwent na Jesus wys.

**Geloof**

*"Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie!"* (Psalm 107:1).

**Fokus**

- Vra die Here om Christen televisiepersoonlikhede in jou land se boodskap op Jesus gevestig te hou, en hulle vrymoedigheid te gee om die waarheid te verkondig, selfs in weerstandbiedende omgewings (1 Korintiërs 2:2; Handelinge 4:29).
- Vra die Heilige Gees om hulle stemme met duidelikheid en krag te salf, sodat baie Christus persoonlik kan leer ken (Johannes 17:3).

---

**DONDERDAG 30 APRIL 2026**
**CYNTHIA GARRETT**

**Feit**
Cynthia Garrett het in televisie en film begin werk en ervaring opgedoen as aanbieder, aktrise en vervaardiger. Sy het wye erkenning gekry deur haar program *The Sessions*, bekend daarvoor dat dit geloof, kultuur en werklike lewenskwessies met vrymoedigheid aanspreek.
Sy is toegewyd daaraan om Bybelse waarheid te verkondig oor kultureel sensitiewe en kontroversiële onderwerpe, terwyl sy dikwels teenstand, kritiek en moontlike marginalisering ervaar. Sy tree steeds met vrymoedigheid op in hoogs sigbare openbare ruimtes praat.

**Geloof**
*Roep uit volle bors, moet niks verswyg nie! Laat jou stem hoor, duidelik soos 'n ramshoring!*... (Jesaja 58:1).

**Fokus**
- Vra die Here om Christen televisie-aanbieders en vervaardigers in jou land te versterk om standvastig sonder vrees op Sy Woord te staan en hulle te beklee met vrymoedigheid en genade om die waarheid in liefde te verkondig (Efesiërs 6:13; Efesiërs 4:15).
- Vra die Heilige Gees om hulle toe te rus om met oortuiging lig in donker plekke te bring en baie tot bekering te lei (Johannes 16:8).

---

**VRYDAG 1 MEI 2026**
**TYLER PERRY**

**Feit**
Tyler Perry is 'n akteur en rolprentmaker met 29–30 miljoen volgelinge op gesamentlike mediaplatvorms. Hy het bekend geword deur klein te begin met verhoogstukke en sy groot deurbraak gemaak met 'n onvergeetlike karakter (Madea). Hy het deur volharding 'n geloofsgeïnspireerde vermaakryk in Hollywood opgebou.
Hy balanseer kommersiële sukses en kreatiewe storievertelling met 'n konsekwent Christus-gesentreerde boodskap, terwyl hy kritiek hanteer oor inhoudskeuses en seker maak dat sy platform toenemend Bybelse waarheid weerspieël eerder as kulturele kompromie.

**Geloof**
*Vertrou volkome op die Here*... (Spreuke 3:5).

**Fokus**
- Vra die Here om Christen rolprentmakers in jou land in dieper oorgawe te lei, hulle werk te rig om die waarheid sonder kompromie te weerspieël en hulle wysheid te gee om te kies wat Hom eer bo sukses (Romeine 12:2; Jakobus 1:5).
- Vra die Heilige Gees om hulle invloed te rig om Christus duidelik te weerspieël en baie tot redding te trek (Matteus 5:16).

---

**SATERDAG 2 MEI 2026**
**MEL GIBSON**

**Feit**
Mel Gibson is 'n akteur en regisseur wat bekend geword het vir deurbraakrolle in aksiefilms, 'n groot Hollywood-ster geword het en later erkenning gekry het as 'n bekroonde regisseur. Hy is bekend vir geloofsgebaseerde produksies soos *The Passion of the Christ*.
Sy lewe weerspieël beide openbare sukses en persoonlike uitdagings, wat die behoefte aan voortdurende nederigheid, herstel en 'n konsekwente wandel wat Christus weerspieël.

**Geloof**
*Onderwerp julle in nederigheid voor die Here, en Hy sal julle verhoog.* (Jakobus 4:10).

**Fokus**
- Vra die Here om Christen akteurs en aktrises in jou land in nederigheid en herstel te vestig, hulle van vorige mislukkings te verlos en Sy genade deur hulle lewens te wys (Jakobus 4:10; Joël 2:25).
- Vra die Heilige Gees om hulle in getroue wandel met Hom te lei, sodat hulle lewens en werk ander na die kruis sal wys (1 Korintiërs 1:18).

---

**SONDAG 3 MEI 2026**
**DAVID OYELOWO**

**Feit**
David Oyelowo is 'n akteur wat wyd bekend geword het. Hy het 'n sterk teatergrondslag wat gevolg is deur rolle in film en televisie en 'n wêreldwye deurbraak met die rolprent *Selma*. Hy praat openlik oor sy Christelike geloof en afhanklikheid van God en het geloofsgebaseerde rolle vertolk terwyl hy God deur sy werk wil eer.
David hanteer die spanning tussen sy geloofsoortuigings en die verwagtinge van die filmbedryf, terwyl hy rolle en platforms kies wat God eer en geestelike integriteit handhaaf sonder kompromieë vir meer aanvaarding of invloed.

**Geloof**
*Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here…* (Kolossense 3:23).

**Fokus**
- Vra die Here om Christen film en televisie akteurs en aktrises in jou land te versterk om rolle te kies wat Hom eer, hulle te bewaar teen kompromieë en om standvastige integriteit in elke besluit te vestig (Kolossense 3:23; Spreuke 10:9).
- Vra die Heilige Gees om hulle toe te rus om met vrymoedigheid in geloof te wandel en Christus duidelik voor die wêreld te weerspieël (1 Petrus 2:12).

---